# Hoofstuk van die dag: Numeri 6

*Wanneer iemand, 'n man of 'n vrou, 'n besondere nasireërgelofte aflê om hom aan die Here te wy, moet hy hom*

*weerhou van wyn en bier. (vers 2-3)*

Die bepalings rondom die nasireërgelofte het die gebruik onder Israeliete gereguleer, maar die gebruik self het waarskynlik heelwat verder teruggegaan as die Uittog. Ons lees ook op 'n paar ander plekke van hierdie gebruik; die bekendste dié van Simson (Rig 13:5,7 en 16:17) en Samuel (1 Sam 1:11). Dit is ook later in die Noordelike Ryk toegepas (Am 2:12), en vermoedelik het ook Paulus dié gelofte by geleentheid afgelê (Hand 21:22-26). Soms was dit 'n lewenslange verbintenis (soos Simson en Samuel), maar nie altyd nie, en mans én vroue kon dit doen (vers 2).
Die nasireërgelofte is nie só vreemd nie. Vandag is daar nog mense wat hulle lewenslank verbind aan diens aan die Here met 'n gelofte (bv die nonne in die Katolieke Kerk). Ons ken ook die gebruik om vir 'n sekere tyd ons besonder aan die Here te wy, soos bv. om te vas in Lydenstyd.
Dié soort toewyding is nuttig vir ons persoonlike geestelike verdieping, en kan 'n sterk getuienis wees in 'n wêreld waar opregtheid en vertroue op God al dunner gesaai is.

## Onlangse Bydraes


- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede

© Bybelkoerant 2018 – 2026